



PLAASLIKE MARKTE - RAND MAAK OPSLAE IN MEI

Die verswakking van die rand het in Mei nuusopskrifte gehaal danksy verskeie faktore wat die plaaslike geldeenheid onder druk geplaas het. 'n Verdere rentekoers-verhoging was ook groot nuus aangesien dit huishoudings – wat reeds sukkel om by te hou weens inflasie, veral voedselprysstygings - verdere onder druk gaan plaas.

Die nuus webwerf Daily Investor het aan die einde van Mei berig dat die rand sedert 1994 van R3.62 teenoor die dollar tot R19.80/\$ gedaal het. “Die plaaslike geldeenheid het die afgelope drie dekades met 82% teenoor die dollar verswak,” aldus die berig.

Die negatiewe nuus en voortdurende kragonderbrekings het ook die plaaslike beurs geraak en die JSE Indeks van alle aandele het in Mei maand op maand 4.0% laer gesluit (+2.8% jaar tot datum). Beurtkrag is steeds 'n ernstige probleem, kleinhandelverkope vaar nie waffers nie, daar word min vordering gemaak om korrupsie onder beheer te kry en die VSA Ambassadeur se aantygings dat SA wapens aan Rusland verskaf, was van die faktore wat in Mei die verloop van sake op markte geraak het. Die regering het die bewering ontken en die President het 'n kommissie van ondersoek aangestel om dit te ondersoek. Hierdie verwikkeling was 'n groot bydraende faktor tot die verswakking van die rand en effektekoerse het skerp gestyg, wat die regering se leningskoste verhoog, 'n teken van die negatiewe impak van die bewerings op die plaaslike ekonomie. SA is die grootste begunstigde van die VSA Groei en Geleentheid Wet (AGOA) en voer goedere ter waarde van \$15 miljard uit kragtens die wet. Een van die vereistes is die bepaling wat dit vir 'n land moontlik maak om ingesluit te word, is dat daardie land geen sekuriteitsrisiko vir die VSA inhou nie. As die bewerings dat SA wapens aan Rusland verskaf as die waarheid bewys word sal SA daardie vereiste oortree en dit sal ook SA se vrye handelsooreenkoms met die Europese Unie en die VK in gevaar stel.

JSE INDEKSE SLUIT LAER

Meimaand was glad nie goed vir die JSE nie. Finansiële aandele is die swaarste getref en die Fini-15 het maand op maand met 8.2% gedaal (-7.2% jaar tot datum), gevolg deur die SA Genoteerde Eiendomindeks (-6.2% maand op maand en -7.8% jaar tot datum). Die Resi-10 was maand op maand 2.2% laer (-4.7% jaar tot datum), hoewel die aandeelpryse van sommige goudmynmaatskappye weens die swakker rand gestyg het. Die Indi-25 was maand op maand 3.2% laer (+17.4% jaar tot datum).

Die inflasiesyfer vir April, gemeet aan die verbruikersprysindeks (VPI), was laer (6.8% jaar op jaar, die laagste sedert Mei 2022), teenoor 7.1% in Maart. Die VPI het maand op maand met 0.4% gestyg tenoor 1.0% in Maart. Die laer inflasie is grootliks danksy die verwagting dat brandstofinflasie laer sal wees. Die pryse van nie-alkoholiese drankies en voedsel het jaar op jaar met 13.9% gestyg (14% jaar op jaar die vorige maand).

REPO-KOERS DIE HOOGSTE IN 14 JAAR

Die SA Reserwebank se Monetêre Beleidskomitee het na afloop van sy vergadering in Mei die repo-koers vir die tiende keer in 18 maande verhoog. Ná die verhoging van 50 basispunte staan die koers nou op 8.25%, die hoogste in 14 jaar, en die prima uitleenkoers is nou 11.75%. Kleinhandelverkope het in Maart vir die vierde agtereenvolgende maand gekrimp (-1.6% jaar op jaar), teenoor die daling van 0.7% in Februarie. Een brokkie positiewe nuus was die aankondiging deur die Oes Skattingskomitee dat SA se mielieproduksie vir 2022/23 2% hoër gaan wees danksy goeie weersomstandighede. Dit is 'n styging van 5% jaar op jaar op en die derde grootste oes op rekord.

Die Absa Aankopersindeks (PMI) het in Mei gedaal en nie die beter vertoning van April herhaal nie. 'n Syfer van 49.2 indekspunte is vir Mei bekend gemaak (49.8 in April). Dit dui op swakker handelstoestande en deelnemers aan die indeks se verslag was negatief oor saketoestande in die maande wat voorlê.

MOTORBEDRYF VAAR BETER

Die Nasionale Vereniging van Voertuigvervaardigers (Naamsa) se syfers vir die bedryf in Mei toon 'n styging van 10.1% jaar op jaar, ondanks die krimpende besteebare inkomste van verbruikers en die uitdagings van beurtkrag. 'n Totaal van 43 060 eenhede is verkoop, teenoor 39 101 in Mei 2022. Uitvoer het veral goed gevaar en jaar op jaar met 67.5% gestyg.

INTERNASIONALE MARKTE

- NEGATIEWE SENTIMENT OP DIE MEESTE INTERNASIONALE MARKTE

Negatiewe sentiment was in Mei op die meeste internasionale markte te bespeur (MSCI Wêreldindeks -0.9% maand op maand/+8.8% jaar tot datum) weens kommer oor die skuldplafon in die VSA en ook die moontlikheid van 'n resessie in daardie land. Hoewel 'n ooreenkoms rakende die skuldplafon deur die loop van die maand bereik is, het aandeelpryse teen die einde van die maand gedaal. Daar is ook kommer dat verdere rentekoersverhogings in die VSA op pad is.

Uitstekende vertonings deur tegnologiemaatskappye het die Nasdaq Saamgestelde indeks gesteun en vir 'n styging van 5.8% maand op maand gesorg (+23.6% jaar tot datum). Die Dow Jones en die S&P 500 het nie daardie patroon gevolg nie en die Dow was maand op maand 3.5% laer (-0.7% jaar tot datum) terwyl die S&P 500 net-net (+0.2% maand op maand) hoër gesluit het (+8.9% jaar tot datum).

VSA inflasie het in April tot 4.9% jaar op jaar gedaal (5.0% in Maart), laer as die algemene verwagting. Kleinhandelverkope het ná twee maande van dalings maand op maand met 0.4% gestyg – swakker as die konsensus verwagting van 'n styging van 0.8% - maar beter as die daling van 0.7% in Maart.

Die VSA Federale Reserweraad (Fed) het na afloop van sy vergadering in Mei die rentekoers met 25 basispunte verhoog, soos algemeen verwag. Die koers is nou die hoogste sedert 2007, net voor die Groot Finansiële Krisis. Die Fed voorsitter het aangedui dat rentekoersbesluite in komende maande sal afhang van beskikbare data, maar verdere verhogings is nie uitgesluit nie.

EUROPESE MARKTE SLUIT LAER

Die DAX in Duitsland met maand op maand 1.6% laer gesluit (+12.5% jaar tot datum) en die CAC in Frankryk 5.2% laer maand op maand (+9.7% jaar tot datum). Inflasie in die Eurosone het in effens gestyg – 7.0% maand op maand in April teenoor 6.9% in Maart. Syfers vir die eerste kwartaal van 2023 toon dat Duitsland, die grootste ekonomie in Europa, nou in resessie is – die land se BBP syfer vir die eerste kwartaal is afwaarts aangepas en staan nou op -0.3% (vorige syfer 0%). Die BBP van die Duitse ekonomie het in die vierde kwartaal van 2022 met 0.5% gekrimp. Die land se jaarlikse inflasie is nou die laagste in agt maande (April 7.2% teenoor 7.4% in Maart).

In die VK het die FTSE-100 Indeks maand op maand 5.4% laer gesluit (-0.1% jaar tot datum). VK inflasie het in April gedaal (8.7% jaar op jaar teenoor 10.1% in Maart) maar was steeds hoër as wat verwag was.

CHINESE MARKTE LAER, JAPAN STYG FLUKS

Chinese markte het laer gesluit. Die Hang Seng in Hong Kong het maand op maand 8.3% laer gesluit (-7.8% jaar tot datum) en die Shanghai Saamgestelde Indeks maand op maand 3.6% laer (+3.7% jaar tot datum). Die swakker vertonings was te danke aan buitelandse beleggers wat Chinese aandele verkoop het aangesien swak maatskappysyfers in China verwag word. Vervaardiging het in Mei vir die tweede agtereenvolgende maand agteruitgegaan en die amptelike aankopersindeks was 48.8 in Mei teenoor 49.2 in April.

In Japan het die land se vernaamste beurs – die Nikkei – baie goed gevaar en maand op maand 7.0% hoër gesluit (+18.4% jaar tot datum), die beste vertoning in 30 maande. Die VPI van Japan het in Maart tot 3.5% gestyg (April 3.2%), grootliks danksy stygings in voedselprijs.

SLIM WENK

KYK NA DIE BRENTHURST-WEBINARE VIR BELEGGINGSINSIGTE

As jy die twee webinarre wat ons sedert die begin van die jaar aangebied het, gemis het, kan jy die opnames op die **Brenthurst Wealth YouTube-kanaal** sien. Luister na die insigte van topsprekers – Magda Wierzycka, stigter en Uitvoerende Hoof van Sygnia, bekroonde fondsbestuurder Tony Bell asook kundiges oor beleggingsgeleenthede in Mauritius.

KYK DIT HIER: [WEBINARE 2023](#)



KOMMODITEITE ONDER DRUK

Die olieprys het met 16% gedaal sedert die hoogtepunt van \$86.96 per vat op 12 April, ná die aankondiging dat OPUL produksie gaan verlaag. Maand op maand was die olieprys 8.4% laer en jaar op jaar is dit nou 15.2% laer. Die prys van ystererts het maand op maand met 1.6% gedaal (-11.1% jaar tot datum) aangesien daar verwag word dat die vraag na staal in China nie aan verwagtinge gaan voldoen nie. Die skulsituasie in die VSA was nie goed vir die goudprys nie en dit was maand op maand 1.7% laer (+7.2% jaar tot datum). Die platinaprys het maand op maand met 5.7% gedaal (-5.3% jaar tot datum) terwyl die prys van palladium maand op maand 7.3% laer was (-22.2% jaar tot datum). Die prys van natuurlike gas was maand op maand 4.4% laer (-48.5% jaar tot datum).

NUUSFLITS | BELASTINGSEISOEN BEGIN IN JULIE

SARS het nog geen volledige besonderhede rakende die 2023 belastingseisoen bekend gemaak nie, slegs dat dit op 7 Julie sal afskop. Kry die nodige dokumente gereed.

Bronne: Anchor Capital; BusinessTech; Daily Investor



BRENTHURST DIENSAANBIEDINGE

- Beleggingsbeplanning
- Aftreebeplanning
- Buitelandse beleggings
- Trustbeplanning
- Boedelbeplanning
- Belastingbeplanning
- Risikobeplanning
- Forex-dienste
- Werknemersvoordele
- Wêreldwye eiendom

U MAATSKAPPY IN
WÊRELDWYE WELVAARTSSKEPPING

KONTAK ENIGE VAN ONS ERVARE, GEKWALIFISEERDE ADVISEURS
BY ONS KANTORE LANDWYD

www.bwm.co.za

BRENTHURST KANTORE

Johannesburg +27 (0) 11 799 8100
Sandton +27 (0) 10 035 1391
Pretoria +27 (0) 12 347 8240
Cape Town Waterfront +27 (0) 21 418 1236
George +27 (0) 82 551 3299

Claremont +27 (0) 21 418 1236
Bellville +27 (0) 21 914 9646
Stellenbosch +27 (0) 21 882 8706
Val de Vie Estate +27 (0) 21 100 3901
Mauritius + 230 484 2175

BRENTHURST SATELLIET KANTORE

GARDEN ROUTE | KWAZULU-NATAL | FREE STATE | MPUMALANGA | NORTH WEST

Brenthurst Wealth Management is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer (Reg No: 2004/012998/07) FSP No.7833. Hierdie epos en enige dokumente ingesluit is eksklusief bedoel vir die persoon aan wie dit gerig is en kan vertroue of wetlik beskermde inligting insluit. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang het, wis dit uit. As jy nie die persoon is vir wie dit bedoel is nie mag jy dit nie aan ander bekend maak nie, 'n kopie maak of enige stappe neem gegrond op die inligting wat daarin vervat is nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbied en mag onwettig wees. Die menings en insigte wat in hierdie boodskap gedeel is, is nie noodwendig die mening van die bestuur van Brenthurst Wealth Management nie.